



UNIVERSITEIT • iYUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

100
1918 - 2018

Herdenking van die eeuwording van die Universiteit Stellenbosch

Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch, Vrydagaand, 23 Maart 2018

EEUFESREDE DEUR PROF WIM DE VILLIERS, REKTOR EN VISEKANSELIER

[Also available at www.sun.ac.za/rector: (1) English translation; and (2) bilingual version as delivered]

Geagte eregaste, dames en here ... waar kom ons vandaan? Waar staan ons nou? En waarheen is ons op pad? Hierdie vrae kom onwillekeurig by mens op waar ons vanaand byeen is om die Universiteit Stellenbosch (US) se ontstaan 'n eeu gelede te herdenk [amptelike ontstaansdatum: 2 April 1918]. In ons soeke na antwoorde kan ons 'n kort- sowel as 'n langtermynbenadering volg.

WAAR KOM ONS VANDAAN?

Kyk ons na die hede en onlangse verlede, is dit duidelik die US blink uit op talle terreine. Ons het die afgelope akademiese jaar nogmaals rekordgetalle kwalifikasies toegeken, soos ons vandeeweek gesien het. Ons handhaaf hoë navorsingsuitsette, en ons maak 'n groot impak op die samelewing. Ons vaar goed op internasionale ranglyste. En ons beleef relatiewe stabiliteit ondanks die onstuimigheid in die hoëronderwys die afgelope paar jaar. Ook ten opsigte van ons volhoubaarheid as instelling, is dit gerusstellend dat ons begroting klop, en dat ons byhou met fasiliteite.

Vir hierdie prestasies kom erkenning die hele universiteitsgemeenskap toe – personele, studente, alumni, skenkers en vriende van die Universiteit. Danksy almal se harde werk en opofferings kan ons met trots sê ons is 'n universiteit om mee rekening te hou.

So was dit dan ook die afgelope eeu sedert die amptelike totstandkoming van die US in 1918 uit die Victoria Kollege. Ons bedank almal wat hierdie instelling help vorm en sy reputasie as 'n akademiese instelling van wêreldgehalte help vestig het.

Ons is egter nie blind vir ons foute nie. In die konteks van ons land se verdeelde geskiedenis, erken die US sy aandeel in die onreg van die verlede. Daarvoor het ons diepe berou. Laat daar geen misverstand wees nie – daarmee verwys ek na ons land se apartheidsverlede. Ons vra diegene wat te na gekom is en uitgesluit is van die historiese voorregte wat ons by hierdie Universiteit, op hierdie dorp en in hierdie land geniet het, opreg en onvoorwaardelik om verskoning. En ons gee erkenning aan die kritiese stemme in eie gelede wat beginselvas standpunt ingeneem het, hoe moeilik ook al.

Drie weke gelede het ons 'n Eeufeesoptog deur die dorp gehou, wat nie om dowe neutte by die Ou Lückhoffskool begin het nie. 'n Halfeeu gelede is inwoners van Die Vlakte verwyder omdat hulle kwansuis die "verkeerde" velkleur gehad het – aldus die gehate Groepsgebiedewet van daardie tyd. Die Universiteit het nie daarteen beswaar gemaak nie, en later ook voordeel getrek toe van die onteierende grond aan ons oorgedra is.

saam vorentoe • masiye phambili • forward together

Navrae / Enquiries: Tel: +27 (0)21 808 4490 | Faks / Fax: +27 (0)21 808 3714 | E-pos / Email: vc@sun.ac.za

KANTOOR VAN DIE REKTOR & VISEKANSELIER | OFFICE OF THE RECTOR & VICE-CHANCELLOR

Privaat Sak / Private Bag XI • Matieland, 7602 • Suid-Afrika / South Africa



Wat destyds gebeur het, was ’n onreg. Daarom is ek dankbaar ons het al in die jaar 2000 gesê die Universiteit hy erken sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede en verbind hom in dieselfde asem tot regstelling en ontwikkeling.

In ons Eeufeesjaar bring ons hulde aan die kritiese Matiestemme van die verlede wat aanhou praat het al is hulle verstoot. Want die narratief van die Universiteit Stellenbosch as die sogenaamde “bakermat van apartheid” is ’n oorvereenvoudiging.

Daar word dikwels verwys na destydse regverdigings van apartheid deur Stellenbosse akademici, na grondliggende bydraes tot beleidstukke van die destydse regering, en dat talle destydse politieke leiers hier studeer het.

Wel, dit is deel van die prentjie, maar hier was gelukkig ook progressiewe stemme téén apartheid. Ja, HF Verwoerd, BJ Vorster en andere was Maties, maar Frederik Van Zyl Slabbert, Beyers Naudé, Johan Degenaar en baie ander óók – mense wat onreg bevraagteken en brûe help bou het oor allerhande soorte skeidings heen in die soeke na gemeenskaplike terrein in ons geliefde land.

Uit verantwoordelikheid teenoor die huidige en toekomstige geslagte verbind die Universiteit Stellenbosch hom vandag onvoorwaardelik tot die ideaal van ’n inklusiewe wêreldklasuniversiteit ín en vír Afrika.

Dit is ons droom, want soos voormalige president Nelson Mandela, glo ons ook “onderwys is die kragtigste wapen om die wêreld mee te verander”. Ons is bevoorreg om ons honderdjarige bestaan te gedenk in dieselfde jaar wat Madiba sy 100ste verjaardag sou gevier het. Hy het natuurlik ’n leiersrol in Suid-Afrika se oorgang tot demokrasie in 1994 gespeel en twee jaar later ’n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch ontvang.

Volgens die bewoording van sy commendatio het die US mnr Mandela 22 jaar gelede vereer as ’n “simbool van bemagtiging deur opvoeding”, ’n “ikoon van vrede en versoening deur onderhandeling” en “die vergestaltung van geregtigheid en deernis”. Dit is ’n nalatenskap waarmee ons ons kan vereenselwig namate ons die US se tweede bestaanseeu betree.

WAAR STAAN ONS NOU?

Die Universiteit Stellenbosch is deesdae ’n toonaangewende hoërondwysinstelling wat ’n noodsaaklike bydrae lewer tot menslike ontwikkeling in ons land, op ons vasteland en in die res van die wêreld. Ons graduandi is goed gekwalifiseerd en wêreldwyd in aanvraag, ons navorsing is innoverend en relevant, en ons impak op die samelewing omvattend.

Dit doen ons alles deur inklusief uit te reik, en nie deur inwaarts te kyk nie. Maties het begin as ’n “volksuniversiteit”. Dit was die “idee” waarvoor Stellenbosch destyds gestaan het – opheffing deur hoër onderwys, maar net vir sommiges, nie vir almal nie. Hierdie idee was duidelik te eng. Dit was ’n uitsluitende inwaartse blik na binne, in plaas van ’n inklusiewe uitreik na buite.

Om te sê die idee van die volksuniversiteit was te eng beteken nie ons is teen Afrikaans nie. Daar bestaan ’n wanopvatting dat die US die ondergang van Afrikaans bewerkstellig. Die teendeel is waar. Afrikaans is een van ons onderrigtale – maar om grondige pedagogiese redes, nie aangevuur deur ideologie of etniese identiteit nie.

Party mense is bang ons gebruik van Afrikaans kan diegene kan uitsluit wat verkies om in Engels te studeer; ander vrees weer dat ons gebruik van Engels Afrikaans benadeel. Ek wil u graag verseker dat die Universiteit verbind bly tot meertaligheid sonder uitsluiting. Taal behoort nooit vir enige

student 'n hindernis te wees nie. Deur ook Engels as onderrigtaal te gebruik, sorg ons dat ons toeganklik is vir meer mense, en dit maak deure oop – plaaslik en internasionaal. Tog is daar steeds 'n groot behoefte aan en vraag na onderrig in Afrikaans; daarom sit ons ons aanbod daarin voort.

Ons hou aan streef na groter diversiteit wat die samestelling van ons personeel- en studentekorps betref. Ons werk hard om te sorg dat ons institusionele kultuur al hoe meer verwelkomend word. En ons vernuwe voortdurend ons akademiese aanbod om relevant te wees vir ons konteks.

WAARHEEN IS ONS OP PAD?

Die US se huidige rigtinggewende raamwerk – ons Institusionele Voorneme en Strategie – loop vanjaar uit, en die afgelope jaar of wat word daar hard gebeitel aan die boustene van 'n nuwe raamwerk.

Ons Visie 2030 is om meer inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees.

Ek dink ons het goed gevorder in hierdie verband. Wat sal ons Visie 2040 wees? En watter strategieë sal ons volg om dit te verwesenlik? Die finale voorstelle dien binnekort voor die Raad, maar ek deel graag van die punte waaroor ons reeds deur oorlegpleging oor die hele instelling heen eenstemmigheid bereik het:

- Stellenbosch wil 'n wêreldklasuniversiteit in en vir Afrika wees, 'n instelling met 'n onkreukbare reputasie wat die hele samelewing dien met innoverende kennis van 'n interdisiplinêre en samewerkende aard.
- Ons wil akademies uitnemend wees, help soek na oplossings vir samelewingsprobleme, en entrepreneurskap bevorder.
- Ons wil sterk vennootskappe met ander hoërondewysinstellings, die burgerlike samelewing, die sakesektor en die staat op verskeie vlakke bou – en terselfdertyd oor ons akademiese vryheid waak.
- Ons wil 'n plek wees waar mense graag wil kom werk en studeer en nie graag wil weggaan nie – omdat ons mooi kyk na ons mense en hulle help ontwikkel.
- Ons wil versigtig met hierdie aarde te werk gaan en die omgewing beskerm.
- En omdat ons hierdie dinge vir nog lank in die toekoms wil doen, wil ons volhoubaar bly sonder om ons onpartydigheid en onafhanklikheid prys te gee.

Ons Eeufeesjaar is die ideale geleentheid om terug te kyk op ons reis tot hier én vorentoe na die pad wat ons nog moet stap. Dit is 'n geleentheid om aan te hou bou op ons prestasies van die verlede, ons foute reg te stel en nuut te begin.

Vriende, daar word gesê kinders se opvoeding begin ten minste honderd jaar voor hulle geboorte [Samuel Wishard]. As dit die geval is, het ons goed begin! Dit beteken ook ons het 'n groot verantwoordelikheid, want wat ons nou doen, sal oor honderd jaar vir toekomstige Maties saak maak.

Die US se leuse bly dus relevant: “Pectora roborant cultus recti” – “n Goeie opvoeding versterk die gees”, “A sound education strengthens the spirit.”

Voorwaar 'n historiese oomblik – dit is wat 2018 vir ons is. Kom ons gryp dit aan en gaan saam vorentoe, forward together, masiye phambili! Baie dankie.